LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

06-02-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 5 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **ATLETIEK 2017:**
WOENSDAG, 15 FEBRUARIE 2017 - HEIDELBERG KAMPIOENSKAPPE
Ons sal u dadelik in kennis stel indien ons die nodige inligting oor bogenoemde byeenkoms ontvang het.
NB: ATLETIEK OEFENING EINDIG OP 14 FEBRUARIE 2017.

2 **KULTUURAAND**:
Datum: 17 Februarie 2017; *Tyd*: 18:30 vir 19:00; *Plek*: Poortjie saal
Drag: ***Semi-Formeel***; *Gaskunstenaars*: Adam Tas; *Koste*: R300 per persoon
Kaartjies: Beperkte aantal sitplekke beskikbaar by Mev Chrisna Meyer in die kantoor.

Die Kultuuraand mammas verkoop Valentyns-geskenkies tydens Donderdag en Vrydag, 1ste pouse en weer op Maandag en Dinsdag. Kom ondersteun asb.!

3 **KOEKVERKOPING**:
Die Grondslagfase hou Vrydag, 10 Februarie 'n lekker koekverkoping. Leerders kan 'n geldjie saambring vir pouse.

4 **RUGBY:**
- **0/8**: Die 0/8 rugby oefening begin Woensdag, 8 Februarie 2017 om 17:00 - 18:00. Hulle sal van daar af elke Maandag, Woensdag en Donderdag oefen.
- **0/9**: Al die 0/9 seuns is welkom by die rugbyoefening wat vandag begin vanaf 17:00 - 18:00.
- **0/12 EN 0/13:** Ons oefen Maandag, Dinsdag en Donderdag vanaf 16:00 - 17:00 .
- Pa en Seundag is Saterdag, 22 April by Loftus - Blou Bulle VS Cheethas - Hou die dag oop asb.

5 **REDENAARS:**

Onthou hierdie week is:

Junior redenaars: 8 Februarie 2017

Senior redenaars : 9 Februarie 2017

6 **OEFENTYE**:

Oefeninge vir die **Netbal** begin op 6 Februarie 2017, slegs vir 0/10 - 0/13.

Alle oefeninge sal op Maandae, Dinsdae en Donderdae wees.

15:00 - 16:00	0/10	Juf Marinélle en Gerna
16:00 - 17:00	0/11	Juf Monica en Amanda
	0/12	Juf Louda en Nikky
16:00 - 17:15	0/13	Juf Madeleine en Marica
MINI-NETBAL begin oefen op 28 Februarie 2017		
13:00 - 14:00	0/7	Juf Alta en Erna
14:00 - 15:00	0/8	Juf Danéll en Ronel Oosthuizen
14:00 - 15:00	0/6	Juf Tilda en Naurette
15:00 - 16:00	0/9	Juf Deo-Dané, Jireh en Carina Venter

- Netbalkliniek is op 22 en 23 Februarie vir 0/10 - 0/13 @ R250 per speler.
- Netbaltoer vir 0/13 span is vanaf 10-12 April te Roodeplaat.

7 **KARWAGTE**:

Daar word 'n ernstige versoek deur die SUID-AFRIKAANSE POLISIE gedoen aan al ons ouers om asb GEEN GELD VIR DIE KARWAGTE buite die skool te gee nie. Die SAP ondervind groot probleem met die karwagte!

8 **SKAAK**:

Baie geluk aan al ons Volkie-Skaakspelers met julle pragtige prestasies tydens die Heidelberg Skaak Ope by Hoër Volkskool. Ons is baie trots op julle!

9 **STUDIEMETODE-KLAS:**

Woensdag, 8 Februarie	16:00 - 16:50
Woensdag, 15 Februarie	Geen klas a.g.v. ATLETIEK
Woensdag, 22 Februarie	16:00 - 16:50

10 **KOOR**:

Koor oudisies vind hierdie jaar vir ALLE koorlede of nuwe lede plaas, dus word alle oud-koorlede ook weer oorgekeur.

JUNIOR KOOR keuring:

Maandag, 6 Februarie vanaf 14:00 tot 15:00: Graad 2 en 3 maats (ook oud-koorlede).

Leerders wat die oudisies geslaag het sal 'n briefie ontvang voor Maandag, 20 Februarie.

Die amptelike koor oefentyd sal dan op Maandae om 14:00 - 15:00 wees.

SENIOR KOOR keuring:

Woensdag, 8 Februarie vanaf 14:00 - 15:00: Graad 6 en 7 (ook oud-koorlede)

Senior koorlede wat ingekom het sal ook 'n briefie ontvang voor Woensdag, 22 Februarie.

Die seniorkoor oefeninge sal dan amptelik begin op Woensdae, 14:00 - 15:45.

11 **SWEMGALA**:

Daar is Maandae en Donderdae oefening by Hoër Volkskool vanaf 15:00 - 16:00.

Leerders wat Woensdag, 8 Februarie deelneem, sal briewe ontvang.

12 **SENIOR CHEF:**

Ouers word versoek om asb hierdie projek te ondersteun. Elke leerder het reeds bestelvorms ontvang. Sluitingsdatum is 6 Maart. Stuur asb kontant saam met u bestellings. Aflewering is 18 April 2017. Leerder wat die meeste verkope het, wen R300 Geskenkbewys by Heidelberg Mall en die klas wat die meeste verkope het, wen elk 'n koeldrank en pizza.

13 **BERGFIETS**:

Almal wat 'n fiets het en graag hulle vaardigheid wil verbeter of sommer 'n geleentheid soek om meer van die opwindende sport van bergfiets wil leer, kom oefen saam van 27 Feb af. Oefening sal plaasvind by die parkie in Jordaanpark (hoek van 3de laan en Unie straat) Maandae tussen 15:00-16:00. Vir meer inligting kontak Wikus Boshoff by 082 7800 117. Onthou asb jou helmet!

14 **GRAAD 1 OUERAAND:**

Al die Graad RR, R en 1 ouers word uitgenooi na die Oueraand op Dinsdag, 7 Februarie 2017 om 18:00 in die skoolsaal.
Parkering is beskikbaar op die rugbyveld.

15 **LOLLO'S**:

Lollo's en al sy vriende kom by ons kuier op Vrydag, 3 Maart om 17:30 in die skoolsaal. Kaartjies is R80. Babas onder 12 maande gratis. Om te bespreek, stuur 'n epos met jou naam, van, kontaknr en hoeveel kaartjies jy soek vir die Heidelberg vertoning na admin@kindervermaan.co.za / 0824107682.

16 **MY SCHOOL CARD:**

Elke ouer gaan 'n vorm ontvang. Indien u reeds een het, gee die vorm vir 'n vriendin of familielid om te voltooi en stuur terug skooltoe.
Die kaart kan gebruik word by: www.power24.co.za; www.loot.co.za; Flight centre; Woollies & Engen Quick shop.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF